

Lêerno.: 3/3/2/4/3  
Verwysing: 20220901-6165

Omsendbrief: 0034/2022  
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders,  
Adjunkdirekteure, Hoofde van opvoedkundige inrigtings en Erkende  
Werknemerparty

Kort opsomming: *Verlofreëlings vir inrigtinggebaseerde opvoeders met betrekking tot die voorkoms van aappokke-infeksie.*

**Onderwerp: Verlofreëlings vir inrigtinggebaseerde opvoeders met betrekking tot die voorkoms van aappokke-infeksie**

1. Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) het die aappokkevirus as 'n *Orthopox*-virus geklassifiseer, wat 'n siekte met simptome soortgelyk aan dié van pokke veroorsaak, maar minder ernstig is. Oordrag van mens tot mens is beperk, en die langste gedokumenteerde oordragketting van die virus is ses generasies. Dit beteken dat die laaste persoon wat in hierdie oordragketting besmet is, ses skakels weg is van die persoon wat oorspronklik siek geword het. Volgens die WGO kan hierdie virus oorgedra word deur kontak met liggaamsvloestowwe, stukkende plekke op die vel of inwendige slymvliesoppervlakke, soos in die mond of keel, respiratoriese druppels en besmette voorwerpe.
2. Met verwysing na bogenoemde, het die Departement van Basiese Onderwys (DBO) Menslikehulpbron-omsendbrief No. 1 van 2022, gedateer 27 Augustus 2022, uitgereik met die doel om die volgende te verskaf:
  - 2.1 Algemene inligting oor aappokke.
  - 2.2 Leiding of reëlins vir 'n verlofbedeling vir werknemers wat met aappokke besmet is.
  - 2.3 Leiding aan skole oor die bestuur van vermoedelike of bevestigde gevalle van aappokke.
3. Die omvang van die omsendbrief sal van toepassing wees op alle werknemers wat ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) aangestel is.

4. Die DBO se Menslikehulpbron-omsendbrief No. 1 van 2022 is vir verdere sirkulasie en gebruik by hierdie kommunikasie aangeheg.
5. Bestuurders word aangemoedig om, binne die beperkinge van COVID-19-protokolle, die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van al die werknemers onder hul toesig te bring, en om kennis te neem van en vertrouwd te raak met die inhoud daarvan.

**GETEKEN:** B WALTERS

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2022-09-19